

'n Nuwe Kategismus: Hoekom moes Christus sterf

"How can it be that it is not a news item when an elderly homeless person dies of exposure, but it is news when the stock market loses two points?" Pous Franciskus

'n Nuwe Kategismus: Vraag 24

Vraag:

Hoekom moes Christus die Verlosser sterf?

Antwoord:

Aangesien die dood die straf vir sonde is, het Christus gewillig in ons plek gesterf om ons van die mag en straf vir sonde te red en ons na God toe terug te bring. Deur sy plaasvervangende, versoenende dood, verlos Hy ons van die hel en kry vir ons vergifnis van sonde, geregtigheid en 'n ewige lewe. [Onderstreepte gedeelte is die antwoord vir kinders.]

Skrifgedeelte:

Ook julle was voorheen ver van God af en vyandiggesind teenoor Hom, soos blyk uit julle sondige lewenswyse. Maar nou het Hy ook julle met Homself versoen deurdat sy Seun as mens gesterwe het om julle heilig. Sonder smet, en onberispelik voor Hom te stel (Kolossense 1:21 – 22)

Kommentaar:

Die regverdige, liefdevolle Vader het Homself verneder deur in sy enigste Seun mens en 'n vloek vir ons te word om ons te verlos sonder om sy eie karakter te verloën ... Die Bybelse evangelie van versoening is van God wat Homself tevrede stel

deur 'n plaasvervanger vir ons te wees ... Hierdie konsep van plaasvervanging lê aan die hart van sonde en verlossing. Die kern van sonde is die mense wat plaasvervanger van God word; die kern van verlossing is God wat as plaasvervanger vir die mens dien. Mense laat hulleself teenoor God geld en plaas hom daar waar net God verdien om te wees; God offer Hom vir die mense deur Hom te plaas daar waar net die mens verdien om te wees. Die mens maak aanspraak op voorregte wat aan God alleen behoort; God aanvaar die straf wat net aan die mens behoort.

Hierdie kommentaar is deur John Stott (1921 – 2011), 'n Engelse Anglikaanse prediker, geskryf. Vir baie jare is hy die rektor van All Souls Church in Londen. Hy was een van die hoofopstellers van die Lausanne Covenant (1974). Hy het baie boeke geskryf, onder andere *Why I Am a Christian* en *The Cross of Christ* (from which this quote is taken).

Hierdie kommentaar kom uit *The Cross of Christ* (Downer's Grove: IVP, 1986), 159–160.

Verdere leesstof:

"The Atonement" in *A Faith to Live By*, deur Donald Macleod.

Gebed:

O God die Vader, ek kan nie dink dat U my gemaak het net om my te vernietig nie. Wees my genadig. O God die Seun wat die Vader se wil ken, het na die wêreld gekom om my te red. Wees my genadig. O God die Heilige Gees wat vir dieselfde doel dikwels heilige gedagtes in my geblaas het, wees my genadig.

O heilige en geseënde Drie-eenheid, drie persone wat ek as een God aanbid, wees my genadig.

Here gee U nie om dat ek omkom nie? U wat wil hê dat alle mense gered moet word? U wat wil hê dat niemand verlore moet gaan nie? Sal U nie u toorn teenoor 'n wurm, 'n blaas wys nie? Teenoor 'n damp wat voor U verdwyn? O, onthou hoe kort my tydjie is en gee nie my siel aan die mag van die hel oor nie ... Vergewe my waar ek ongehoorsaam was, waar ek U kwaad gemaak het. Sien my in my nood en na U om hulp uitroep. Moenie na my kyk as sondaar nie, maar beskou my as u skepsel. U verlos, want dit is u Naam. Hoe reg is dit dat U na die wêreld gekom het, want dit is u werk. As ek besef dat ek die grootste sondaar is, mag ek U nie verder aanpor deur te sê: Sal die belangrikste van u werk ongedaan bly? Verre sy dit van U. Wees my genadig! ... Vader, aanvaar my onvolmaakte berou; betoon deernis teenoor my tekortkominge, vergewe my boosheid,

reinig my onreinheid, versterk my swakheid, herstel my onstabiliteit en laat U goeie Gees oor my waghou vir altyd, laat u liefde altyd in my hart heers, deur die lyding van u Seun in wie U 'n behae het.

Hierdie gebed is deur John Wesley (1703–1791) geskryf. Hy was 'n Engelse prediker en teoloog. Wesley en sy broer Charles was die stigters van die Engelse Metodiste beweging. Hy het baie gereis, meestal te perd. Hy preek twee of drie maal per dag. Dit word bereken dat hy meer as 40 000 preke gelewer het. Hy was ook 'n begaafde skrywer van liedere.

Hierdie gebed kom uit "Forms of Prayer: Friday Evening" in *The Works of the Reverend John Wesley*, Volume 6 (New York: J. Emory & B. Waugh, 1831), 397–398.

Copyright © 2012 by Redeemer Presbyterian Church

We encourage you to use and share this material freely—but please don't charge money for it, change the wording, or remove the copyright information. Ek het slegs die gedeeltes vertaal.

'n Nuwe Kategismus: Waarom moet die Verlosser waarlik God wees

There are such things as Christian tears, and too few of us ever weep them.

–John Stott

'n Nuwe Kategismus: Waarom moet die Verlosser waarlik God wees

[Hierdie is vraag 23 wat ongelukkig oorgeslaan is.]

Vraag:

Waarom moet die Verlosser waarlik God wees?

Antwoord:

As gevolg van sy goddelike wese sou sy gehoorsaamheid en lyding volmaak en doeltreffend wees; ook sou Hy die regverdige toorn van God teen sonde kon dra en tog

die dood oorwin. [Onderstreepte gedeelte is antwoord vir kinders.]

Skrifgedeelte:

Maar God het Hom van die smarte van die dood verlos en Hom uit die dood laat opstaan. Dit was immers vir die dood onmoontlik om Hom gevange te hou (Handelinge 2:24)

Kommentaar:

Laat ons nie huil oor die onbillikheid teenoor Hom nie. Laat niemand die dood vrees nie, want die Verlosser se dood het ons vrygestel. In so verre Hy daardeur gevange gehou is, het Hy dit uitgewis ... Hy maak die hel 'n gevangene. Jesaja wat dit voorsien het, het uitgeroep: Hel, sê hy, was kwaad toe hy U ontmoet het ... dit was kwaad, want dit was uitgewis; dit was kwaad, want dit was verslaan; dit was kwaad, want dit is in kettings geboei. Dit het 'n liggaam geneem en God van aangesig tot aangesig ontmoet. Dit het die aarde geneem en die hemel teengekom; dit het dit wat sigbaar was geneem en die onsigbare ontmoet. O dood, waar is jou angel? O hel, waar is jou oorwinning? Christus het opgestaan en jy is oorweldig; Christus is opgewek en die demone het geval. Christus het opgestaan en die engele juig; Christus het opgestaan en die lewe heers.

Hierdie kommentaar is deur Johannes Chrisostomus (347 – 407), die aartsbiskop van Konstantinopel, geskryf. Hy is in Antiogië gebore. Chrisostomus beteken “goue mond.” Dit was as gevolg van sy welsprekende prediking. Hy word deur beide die Oosters-Ortodokse en Rooms Katolieke kerke as 'n heilige beskou. Hy is veral bekend vir sy *Divine Liturgy of St. John Chrysostom* en sy uitgebreide gepubliseerde preke – insluitend 67 oor Genesis, 90 oor die Matteus-evangelie en 88 oor die Johannes-evangelie.

Hierdie kommentaar kom uit “Easter Sermon by John Chrysostom” in *Service Book of the Holy Orthodox-Catholic Apostolic (Greco-Russian) Church* vertaal deur Isabel Florence Hapgood (New York: Riverside Press, 1906), 235–236.

Verdere leesstof:

“*Incarnation*” en “*Two Natures*” in *Concise Theology*, deur J. I. Packer.

Gebed:

Ek kan niks meer doen as om tot U te bid nie ... ek bid dat God julle jammer sal kry en julle sal versorg en vir julle voorsien vir die goed van julle siele; en dat God sal onderneem om julle hemelse Vader te wees. En die magtige Verlosser van julle onsterflike siele. Moenie nalaat om vir julleself te bid nie ... bid voortdurend tot God in die geheim; en onthou dikwels daardie groot dag wanneer ons voor die oordeeltrou van Christus moet verskyn.

Hierdie gebed is deur Jonathan Edwards (1703 – 1758), 'n koloniale Amerikaanse prediker, teoloog en filosoof geskryf. Hy word pastor van die kerk in Northampton, Massachusetts, in 1726. Hy was veral bekend vir sy bekende preek “Sinners in the Hands of an Angry God,” sowel as sy baie boeke insluitend *The End For Which God Created the World* en *A Treatise Concerning Religious Affections*. Hy sterf na 'n

inenting vir pokke kort nadat hy president van die College of New Jersey (later Princeton University) geword het. Hierdie gebed kom uit "Farewell Sermon: Memoirs of Jonathan Edwards" in *The Works of Jonathan Edwards*, Volume 1 (London: William Ball, 1839), ccxlviii.

Copyright © 2012 by Redeemer Presbyterian Church

We encourage you to use and share this material freely—but please don't charge money for it, change the wording, or remove the copyright information. Ek het slegs die gedeeltes vertaal.

'n Nuwe Kategismus: Vraag 51

If I love to be loved more than to love, to be served more than to serve, then I know nothing of Calvary love. —Amy Carmichael

'n Nuwe Kategismus: Vraag 51

Vraag:

Watter nut het Jesus Christus se hemelvaart vir ons

Antwoord:

Christus het fisies opgevaar vir ons net soos Hy fisies na die aarde gekom het vir ons.. Hy is nou besig om vir ons in die teenwoordigheid van die Vader voorspraak te maak, 'n plek vir ons voor te berei en Hy het ook sy Gees gestuur.
[Onderstreepte gedeelte is die antwoord vir kinders.]

Skrifgedeelte:

Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons (Romeine 8:34).

Kommentaar:

Hail the day that sees Him rise,
Ravish'd from our wishful eyes!
Christ, awhile to mortals given,
Re-ascends His native heaven!

There the pompous triumph waits:
"Lift your heads, eternal gates,
Wide unfold the radiant scene,
Take the King of Glory in!"

Circled round with angel powers,
Their triumphant Lord, and ours,
Conqueror over death and sin,
Take the King of Glory in!

Him though highest heaven receives,
Still He loves the earth He leaves;
Though returning to His throne,
Still He calls mankind His own.

See! He lifts His hands above!
See! He shows the prints of love!
Hark! His gracious lips bestow
Blessings on His church below!

Still for us His death He pleads;
Prevalent, He intercedes;
Near Himself prepares our place,
Harbinger of human race.

Master, (will we ever say,)
Taken from our head to-day;
See Thy faithful servants, see!
Ever gazing up to Thee.

Grant, though parted from our sight,
High above yon azure height,

Grant our hearts may thither rise,
Following Thee beyond the skies.

Ever upward let us move,
Wafted on the wings of love;
Looking when our Lord shall come,
Longing, gasping after home.

There we shall with Thee remain,
Partners of Thy endless reign;
There Thy face unclouded see,
Find our heaven of heavens in Thee!

Hierdie lied is deur John Wesley (1703 – 1791), 'n Engelse prediker en teoloog, geskryf. Wesley, saam met sy broer Charles, was die stigters van die Engelse Metodiste beweging. Hy reis meestal te perd en preek twee of drie maal elke dag. Dit word beweer dat hy meer as 40000 preke gelewer het. Hy was ook 'n bekende skrywer van liedere.

Hierdie lied kom uit “Hymn for Ascension-Day” in The Poetical Works of John and Charles Wesley, deur John Wesley, Charles Wesley, getoonset deur George Osborn, Volume 1 (London: Paternoster, 1868), 187–188.

Verdere leesstof:

“Ascension” in Concise Theology, deur J. I. Packer.

Gebed:

Ons prys U, ons verheerlik U, ons genadige God en Verlosser. Ons siele het nou 'n skuilplek van u verterende toorn. U beloftes is seker: Satan, die wêreld en die dood is oorwin; ons Here het opgestaan; Hy het opgestaan en deur Hom sal ons ook opstaan. O dood, waar is jou angel? O graf, waar is jou oorwinning? Ons Verlosser het na sy en na ons Vader opgevaar en ons sal ook opvaar. In sy hande mag ons ons vertrekkende siele oorgee. Ons Hoof is verheerlik, en dit is sy wil en

belofte dat ons met Hom sal wees waar Hy nou is om sy heerlikheid te sien. Hy het ons daartoe deur sy Heilige Gees verseël. Ons was dood in ons sondes en Hy het ons verlos. Ons was donker en dwaas in ons sonde en ongeloof en U het vir ons die lig gegee. Ons was onheilig en vleeslik, uitverkoop aan die sonde, en Hy het ons wil geheilig ... Ons prys en verheerlik hierdie Gees van die lewe saam met die Vader en die Seun vir wie Hy gestuur het om lewe en lig en liefde te wees vir donker, ongelukkige siele. Ons is gemaak, verlos en geheilig vir sy heilige liefde, en lof en diens. Laat dit die wese van ons siele wees en die vreugde van ons hele lewe. Maak u genade in ons volmaak sodat ons liefde en lof meer volmaak kan wees ... Bring ons nader aan U in geloof en liefde, dat ons meer geskik sal wees om U te loof ... Berei ons voor vir daardie lewe van vrede waar die harmonie van universele liefde en lof nooit deur sonde of vrees of hartseer onderbreek sal word nie, maar dat dit ewigdurend sal wees vir ons vreugde en u lof. Amen

Hierdie gebed is deur Richard Baxter (1615 – 1691), 'n Engelse Puritein, geskryf. Hy dien as kapelaan in die leër van Oliver Cromwell en as herder in Kidderminster. Toe James II onttroon is, word Baxter vir 18 maande in die tronk aangehou. Hy hou aan met preek en skryf in daardie tyd: : *“I preached as never sure to preach again, and as a dying man to dying men.”* Bo en behalwe sy teologiese werke wat hy ook 'n digter en liedereskrywer. Hy skryf ook sy eie Family Catechism.

Hierdie gebed kom uit “A Shorter Form of Praise and Prayer for the Lord’s Day” in “The Poor Man’s Family Book” in The Practical Works of Richard Baxter, Volume 19 (London: Paternoster, 1830), 637–639.

Copyright © 2012 by Redeemer Presbyterian Church

We encourage you to use and share this material freely—but please don’t charge money for it, change the wording, or remove the copyright information. Ek het slegs die gedeeltes vertaal.

'n Nuwe Kategismus: Vraag 50

You can be as straight as a gun barrel theologically—and be as empty as one spiritually. –A.W. Tozer

'n Nuwe Kategismus: Vraag 50

Vraag:

Wat beteken Christus se opstanding vir ons?

Antwoord:

Christus het die sonde en dood oorwin deur sy fisiese opstanding sodat almal wat in Hom glo opgewek word in 'n nuwe lewe in hierdie wêreld en tot 'n ewige lewe in die wêreld wat kom. Net soos ons een dag opgewek sal word sal die wêreld eendag herstel word. Maar diegene wat nie op Christus vertrou nie word opgewek vir die ewige dood. [Onderstreepte gedeelte is die antwoord vir kinders.]

Skrifgedeelte:

Ons wil hê, broers, dat julle nie onkundig moet wees oor wat met die ontslapenes gaan gebeur nie. Dan sal julle ook nie treur nie, soos die ander mense wat geen hoop het nie. Ons glo immers dat Jesus gesterwe het maar ook opgestaan het. Net so glo ons ook dat God saam Jesus die ontslapenes wat in Hom geglo het, na Hom toe sal neem (1 Tessalonisense 4:13 – 14).

Kommentaar:

Die statigste stede op aarde, maak nie saak hoe ongelooflik hulle geboue is nie, het steeds hulle fundamente in die stof. Hulle strate is vuil en is gemaak om onder ons voete vertrap te word. Maar die strate in die hemelse stad is suiwer goud, soos deursigtige glas. Die fundamente is van edelstene en die poorte is van pêrels ... Daar is baie beginsels teenstrydig met liefde . Dit maak hierdie wêreld 'n onstuimige see.

Selfsugtigheid en jaloesie, weerwraak en jaloesie is verwante passies wat die lewe op aarde in voortdurende beroering hou ... Maar watter rus is daar nie in daardie wêreld wat die God van liefde en vrede vul met sy eie genadige teenwoordigheid; waar die Lam van God woon en regeer en dit vul met die helderste en soetste strale van sy liefde; waar daar niks is om te steur en te beledig nie; waar daar geen wese of objek te sien is wat nie deur volmaakte minsaamheid omring word nie ... waar daar geen vyand of vyandigheid is nie – net volmaakte liefde in die hart van elke wese; waar daar volmaakte harmonie tussen al die inwoners is; waar niemand op 'n ander jaloers is nie, maar waar almal hulle in die geluk van ander verheug; waar liefde wedersyds en ten volle aan mekaar gedoen word; waar daar geen valsheid en huigelary is nie, maar volkome eenvoud en opregtheid; waar daar geen verraad of ontrou of jaloesie van enige aard is nie ... waar daar geen verdeeldheid as gevolg van verskillende menings of belange is nie, maar waar ons almal in daardie heerlike en liefdevolle gemeenskap aan mekaar verbind sal wees; waar almal aan mekaar sal behoort en almal mekaar sal geniet in voorspoed en rykdom en eer sonder enige siekte en hartseer of vervolging en sonder enige vyand om ons te molesteer; sonder enige bemoeisieke mense om jaloesie en misverstand te skep of die volkome, heilige en geseënde vrede wat in die hemel heers, te versteur.

Hierdie kommentaar is deur Jonathan Edwards (1703 – 1758), 'n Amerikaanse koloniale prediker, teoloog en filosoof geskryf. Hy word in 1726 pastor van die kerk in Northampton, Massachusetts. Hy is veral bekend vir sy preek *Sinners in the Hands of an Angry God*. Hy het ook baie boeke geskryf, onder andere *The End For Which God Created the World* en *A Treatise Concerning Religious Affections*. Edwards sterf na 'n pokke-inenting kort na hy die president van die *College of New Jersey* (later Princeton Universiteit) geword het.

Hierdie kommentaar kom uit sy preek “*Heaven, a World of Love*”, beskikbaar van www.biblebb.com/files/edwards/charity16.htm

Verdere leesstof:

“Resurrection” en “General Resurrection” in *Concise Theology*, deur J. I. Packer.

Gebed:

Almagtige God, aangesien ons alreeds in hoop die drumpel van u ewige erfenis binnegegaan het, en weet dat daar verseker vir ons 'n woning in die hemel is nadat Christus daar ontvang is; Hy is ons Hoof en die eerste vrugte van ons verlossing; gee dat ons meer en meer op die pad van u heilige roeping mag loop totdat ons uiteindelik die doel en so die ewige heerlijkheid waarvan U vir ons in hierdie wêreld 'n voorsmaak deur Christus ons Here gegee het, bereik. Amen.

Hierdie gebed is deur Johannes Calvyn (1509 – 1564), teoloog, pastor en administrateur, geskryf. Calvyn is in Frankryk in 'n streng Rooms-Katolieke familie gebore. Hy het die meeste van sy lewe in Genève gewerk. Daar het hy die Gereformeerde Kerk georganiseer. Hy skryf *The Institutes of the Christian Religion*, die *Geneva Catechism*, sowel as vele kommentare van die Skrif.

Hierdie gebed kom uit *Calvin's Bible Commentaries: Ezekiel*, Deel II, vertaal deur John King (Forgotten Books, 1847), 304.

Copyright © 2012 by Redeemer Presbyterian Church

We encourage you to use and share this material freely—but please don't charge money for it, change the wording, or remove the copyright information. Ek het slegs die gedeeltes vertaal.